

KOM ONS **STOP** DIE VERSPREIDING

KORONAVIRUS

Volg hierdie riglyne wanneer 'n persoon weens koronavirus gesterf het.

Wanneer 'n persoon tuis sterf

- Moenie aan die liggaam raak nie en los die liggaam in die kamer waar die persoon gesterf het.
- Kontak die polisie as die sterfte as gevolg van 'n onnatuurlike oorsaak is byvoorbeeld trauma weens ongelukke, moord en selfmoord, en as jy vermoed die persoon het ook koronavirus gehad. In gevalle waar geen gemene spel vermoed word nie, moet jy verkieslik 'n begrafnisondernemer kontak wat opgelei is om sulke scenario's te hanteer en wat die gepaste persoonlike beskermende toerusting (PPE) het om die liggaam te verwyder.
- As die families die liggame voor die begrafnis wil was volgens godsdienstige en kulturele praktyke, moet dit verkieslik gedoen word deur lede van die godsdienstige groep wat behoorlik opgelei is om PPE korrek te gebruik.
- Die oorledene se besittings moet behoorlik skoongemaak word met 'n oplossing wat minstens 70% alkohol of 0,5% bleikmiddel bevat. Klere moet met warm water met 'n temperatuur van minstens 60 °C tot 90 °C gewas word.
- Sodra die liggaam vir die begrafnis voorberei is, word geen verdere kontak toegelaat nie. Die oorledene se gesig kan by die begrafnis gewys word as daar geen kontak is soos om die oorlede se gesig te soen of daaraan te raak nie.
- Mense met asemhalingsiektes, diegene wat ouer as 60 jaar is en mense wie se immuunstelsels onderdruk is, moenie aan die besigtigingsproses deelneem nie tensy hulle 'n gepaste mediese gesigmasker dra om verdere moontlike siekteverspreiding te keer.

Begravnisse

- Menslike oorskot kan vir tot nege dae aansteeklik wees op oppervlakke. Dit is dus belangrik om alle oppervlakke skoon te maak waarmee die liggaam in kontak was.
- Verassing is die voorkeurmetode vir 'n begrafnis, maar as die familie verlang dat die liggaam begrawe moet word, moet hierdie proses nie langer as twee uur duur nie.
- As daar geen aanduiding vir 'n nadoodse ondersoek is nie, moet alle pogings aangewend word om binne drie dae 'n begrafnis te hou vir 'n oorledene wat wel of vermoedelik aan koronavirus gesterf het.



**Wes-Kaapse
Regering**

Gesondheid

